# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (20/15)*

justchad_cga

*Justin Chadwick (29 Mei 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Usually, terrible things that are done with the excuse that progress requires them are not really progress at all, but just terrible things" Russell Baker***

## HANDLEIDING VIR PLAE BESKIKBAAR VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL (CRI)

CRI maak nou die 2015 uitgawe van die **HANDLEIDING VIR DIE UITKENNING VAN SITRUSPLAE EN HUL NATUURLIKE VYANDE /** IDENTIFICATION MANUAL FOR CITRUS PESTS AND THEIR NATURAL ENEMIES in 'n elektroniese formaat beskikbaar. Die formaat kan op 'n slimfoon of tablet afgelaai word wat dit meer toeganklik maak om vinnig in die boord te kan gebruik. Die eBoek se prys is R100 (BTW ingesluit) per persoon en word met 'n wagwoord beskerm, maar 'n enkele aankoop kan op verskeie toestelle wat deur dieselfde persoon besit word, gebruik word.
Twee weergawes is beskikbaar: een met 'n Afrikaanse inhoudsopgawe en die ander met 'n Engelse inhoudsopgawe. Alhoewel die skakels van die inhoudsopgawes of boekmerke nie op alle Android fone werk nie, werk hul wel op iPhones, iPads en Android tablette en dalk ook op ander sisteme wat ons nie getoets het nie. Die beste is om met 'n "Adobe PDF reader app" te werk, so die meeste toestelle en hierdie "app" behoort verenigbaar te wees.
Betalings in Suid-Afrika kan via Bella Thulare in CRI se Nelspruit kantoor gedoen word (bella@cri.co.za en telefoon 013 759 8000). Reëlings word getref vir internasionale betalings via PayPal. Vir elke aankoop, Afrikaans of Engels, moet dit gespesifiser word en 'n persoonlike epos adres moet verskaf word wat as die wagwoord gebruik sal word om die eBoek oop te maak. Die 2015 harde kopie (papier) weergawe sal later in die jaar teen 'n hoër prys beskikbaar wees.

## EERSTE KONVENSIONELE BOOT MET SITRUS VAN SUIDER-AFRIKA ARRIVEER IN RUSLAND

M/V "Summer Flower" van Suid-Afrika het in St. Petersburg aangekom en het begin om meer as 4 duisend ton vrugte (sitrus, appels, pere) vir Russiese kliënte af te laai. Dit is die eerste besending van Suid-Afrikaanse vrugte aan Rusland met 'n skip direk van Suid-Afrika in 2015. Dit is die opening van die nuwe seisoen vir Suid-Afrikaanse produsente en uitvoerders in die Russiese mark. Van nou tot laat in November gaan bote wat deur die Russiese skeepsredery "Baltic Shipping" bestuur word, vars vrugte vanaf Suid-Afrika op 'n weekslikse basis bring.
Samewerking tussen die twee lande in voedsel en landbou gaan terug tot in 1994 toe die eerste twee trokke met Suid-Afrikaanse appels en druiwe in Moskou in die vroeë lente gearriveer het en die Russiese verbruikers verstom is deur die pragtige vars vrugte wat aan hul beskikbaar gestel was vanaf produsente in die verre Suid-Afrika. Sedertdien het die volumes van vrugte vanaf Suid-Afrika na Rusland steeds gegroei na omtrent 200 duisend ton in 2014. Die belangrikste items is sitrus: lemoene, mandaryne, suurlemoene, pomelo's - sitrus word nie in Rusland verbou nie en moet ingevoer word, net soos appels, pere en druiwe. Laasgenoemde word in Rusland verbou maar word in die láát somer en herfs geoes terwyl Suid-Afrika vrugte in die vitamien-tekort-seisoen van lente en vroeë somer verbou. Suid-Afrikaanse produkte kompeteer dus nie met die plaaslike produksie in Rusland nie, maar komplimenteer dit tot voordeel van die Russiese verbruikers. Suid-Afrikaanse vrugte is ook bekostigbaar vir die baie Russiese verbruikers. Die prys vir hoë gehalte Suid-Afrikaanse lemoene in die Russiese handel is byvoorbeeld op par met vrugte wat plaaslik verbou word. Vrugte van Europa is gewoonlik duurder. Dit is dus geen wonder dat elke vierde lemoen op die tafel van die Russiese families van Suid-Afrikaanse oorsprong is nie. Die Russiese mark het die leier geword vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf deur omtrent 12% van die totale volume van Suid-Afrikaanse uitvoere wêreldwyd te absorbeer. Vars vrugte het 'n stewige posisie in die handel tussen Rusland en Suid-Afrika en is vir 30% van die omset verantwoordelik.
Handel bevorder menseverhoudings en vriendskappe tussen mense van Suid-Afrika en Rusland. Die Russiese mark het baie belangrik vir Suid-Afrika geword deur werksgeleenthede aan 'n paar honderd duisend landbouwerkers te verskaf. In Rusland het Suid-Afrikaanse vrugte 'n simbool van 'n gesonde lewensstyl en 'n sterk familie geword.
Tydens 'n staatsbesoek aan Rusland in Augustus 2014 deur President Jacob Zuma is 'n ooreenkoms bereik tussen President Zuma en die President van Rusland, Vladimir Putin, om die verskaffing van landbou en voedselprodukte van Suid-Afrika aan die Russiese mark te verhoog. Die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf het positief gereageer en Suid-Afrikaanse produsente het begin om te belê om meer vrugte vir die Russiese mark te produseer. Die aankoms by St. Petersburg van M/V "Summer Flower" met vars produkte van Suid-Afrika, is 'n demonstrasie van die groeiende handel en menslike bande tussen die mense van Rusland en die Republiek van Suid-Afrika.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 21 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuuste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 10.4 m | 9.1 m | 8.2 m | 6.5 m | 5.6 m | 15.3 m | 14.4 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 3.4 m | 3.7 m | 3.9 m | 2.8 m | 2.9 m | 10 m | 9.7 m | 10 m |
| Suurlemoene | 4.9 m | 5.3 m | 6.1 m | 4.2 m | 4.5 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 4.0 m | 3.4 m | 3.8 m | 1.4 m | 1.3 m | 25.1 m | **24.4 m** | 26 m |
| Valencias | 0.2 m | 0.1 m | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 22.9 m | 21.6 m | 22 m | 14.9 m | 14.3 m | 113.1 m | 111.2 m | 115.7 m |